Rapporteerbaar: Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters: Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste: Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste: Ja / Nee

# IN DIE Hoë HOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Hoë Hof, Kimberley)

Saak No: 1979/2011
Saak Aangehoor: 14/02/2012
Datum gelewer: 17/02/2012

In die saak tussen:

Tokkie Ferreira Makelaars BK — Applikant

en

André Stolk — 1ste Respondent
Adele Stolk — 2de Respondent

Coram: Olivier R

## UITSPRAAK

**Olivier R:**

1]. Hierdie is 'n aansoek waarin die applikant, Tokkie Ferreira Makelaars BK, aanvoer dat mnr André Stolk en me Adele Stolk, onderskeidelik die eerste en tweede respondente, in minagting optree van 'n hofbevel.

2]. Die agtergrond hiertoe is dat die applikant vroeër die besigheid van korttermynversekeringsmakelaars van Econocom 462 BK oorgeneem het. Die eerste respondent was 'n lid van die laasgemelde BK, en sy eggenote, die tweede respondent, was ook daar werksaam met die bemarking van korttermynversekering, die hantering van eise en navrae van kliënte, en administrasie in die algemeen.

3]. Met die oorname van die besigheid is daar tussen die respondente en die applikant dienskontrakte aangegaan. Daarin het die eerste respondent onderneem om as versekeringsadviseur en assistent dienste te lewer met betrekking tot die bemarking van versekering, eise, navrae, administrasie en kliënte-advies by die applikant se tak te Postmasburg. Die tweede respondent het onderneem om soortgelyke dienste by dieselfde tak te verrig in die hoedanigheid as persoonlike assistent.

4]. Die koopkontrak ingevolge waarvan die applikant die versekeringsbesigheid oorgeneem het, en ook die voormelde dienskontrakte, het klousules ingesluit wat bedoel was om op die respondente handelsbeperkings te plaas in geval hulle diens by die applikant beëindig sou word. Dit is nie op hierdie stadium nodig om op die presiese inhoud van die betrokke bepalings in te gaan nie.

5]. Gedurende Augustus 2011 het beide respondente kennis gegee van die beëindiging van hulle dienste by die applikant, met ingang van die einde van November 2011.

6]. Reeds voordat die respondente se diens by die applikant verstryk het, en wel gedurende die week van 18 November 2011, het nie minder nie as twaalf van die applikant se kliënte hulle polisse gekanselleer. Die stelling van mnr D B Ferreira, die enigste lid van die applikant, dat dit 'n buitengewone verskynsel was, is nie deur die respondente betwis in hofstukke wat later sou volg nie.

7]. Op 5 Desember 2011 het die applikant 'n aansoek geloods, op 'n dringende basis, om die voormelde handelsbeperkings af te dwing. Die basis van die betrokke aansoek was dat die respondente besig was om versekeringsdienste te lewer ter verbreking van die handelsbeperkings waaraan hulle onderworpe was. Op 7 Desember 2011 is daar, by ooreenkoms en in die teenwoordigheid van die

respondente se regsverteenwoordiger, onder andere die volgende bevele in daardie aansoek verleen:

*"1. Dat die respondente opgeroep word om op 10 Februarie 2012 om 10h00 redes aan te voer waarom die volgende bevel nie verleen sal word nie:*

*1.1 Dat die respondent verbied word om vir 'n tydperk van twee jaar, bereken van 1 Desember 2011, en binne 'n radius van 100 km vanaf Postmasburg, enige kontak te maak met enige kliënte van die applikant met die doel om sodanige kliënte se korttermynversekering te plaas by 'n versekeringsmaatskappy;*

*1.2 Dat die respondent verbied word om vir 'n tydperk van twee jaar vanaf 1 Desember 2011 en binne 'n radius van 100 km vanaf Postmasburg, enigsins te werk as korttermynversekeringsmakelaar of –adviseur of om binne daardie gebied en in daardie tydperk diens te aanvaar en te doen in daardie hoedanigheid by enige besigheid wat soortgelyke besigheid as die applikant bedryf, hetsy sodanige besigheid as vernaamste besigheidsplek geleë is binne die voormelde gebied, aldan nie.*

*1.3 Dat die respondent verbied word om vir 'n tydperk van twee jaar vanaf 1 Desember 2011 en binne 'n radius van 100 km vanaf Postmasburg enigsins te werk as administratiewe assistent en –adviseur in die korttermynversekeringsbedryf of om binne daardie gebied en in daardie tydperk diens te aanvaar in daardie hoedanigheid by enige besigheid wat soortgelyke besigheid as die applikant bedryf, hetsy sodanige besigheid se vernaamste besigheidsplek geleë is binne*

*die voormelde gebied, aldan nie.*

*1.4 Dat die respondent verbied word om enige konfidensiële inligting van die applikant en meer spesifiek enige inligting aangaande die applikant se kliënte en besigheidspraktyke, aan enige ander persoon of instansie bekend te maak.*

*1.5Dat die eerste respondent verbied word om voor 4 Februarie 2012 en binne 'n radius van 200 km vanaf Postmasburg 'n besigheid soortgelyk aan dié van die applikant te open, te bedryf en/of te bestuur.*

*1.6Dat die respondent gelas word om die koste van hierdie aansoek te betaal.*

*2. Dat paragrawe 1.1 tot 1.5 van hierdie bevel sal geld as 'n tussentydse interdik met onmiddellike werking hangende die finale beregting van hierdie aansoek."*

8]. Dit is duidelik dat die verwysing na "*respondent*" (in die enkelvoud) in paragrawe 1.1, 1.4 en 1.6 'n tikfout is. Die konsepbevel, wat by ooreenkoms 'n bevel van die Hof gemaak is, maak dit duidelik dat die bedoeling was dat daardie bevele ten aansien van beide respondente sou geld. Hoe dit ookal sy, op die aanvanklike keerdatum van 10 Februarie 2012 is die betrokke aansoek ("*die hoofaansoek*") uitgestel tot 2 Maart 2012.

9]. In **Fakie NO v C C I I Systems (Pty) Ltd**[1] is die volgende in paragraaf [42] beslis met betrekking tot aansoeke van hierdie aard:

"*(a) The civil contempt procedure is a valuable and important mechanism for securing compliance with court orders, and*

1 2006 (4) SA 326 (SCA)

*survives constitutional scrutiny in the form of a motion court application adapted to constitutional requirements.*

(b) *The respondent in such proceedings is not an 'accused person', but is entitled to analogous protections as are appropriate to motion proceedings.*

(c) *In particular, the applicant must prove the requisites of contempt (the order; service or notice; non-compliance; and wilfulness and **mala fides**) beyond reasonable doubt.*

(d) *But, once the applicant has proved the order, service or notice, and non-compliance, the respondent bears an evidential burden in relation to wilfulness and **mala fides**: Should the respondent fail to advance evidence that establishes a reasonable doubt as to whether non-compliance was wilful and **mala fide**, contempt will have been established beyond reasonable doubt.*

(e) *A declarator and other appropriate remedies remain available to a civil applicant on proof on a balance of probabilities."*

10]. Dit beteken dat daar op die applikant 'n las rus om aan te toon dat die betrokke bevel gemaak is, dat die respondent/e kennis dra van die bevel en dat die respondent/e nagelaat het om aan die bevel te voldoen. Sodra 'n saak hiervoor uitgemaak is, "*wilfulness will normally be inferred and the respondent will bear the evidential burden to advance evidence that establishes 'n reasonable doubt as to whether non-compliance was wilful and **mala fide***"[2].

11]. In die onderhawige geval is daar geen dispuut daaroor nie dat die voormelde bevele gemaak is en dat die respondente daarvan kennis

2 **Herbstein & Van Winsen – The Civil Practice of the High Courts of South Africa**, 5de uitgawe, vol 2, Cilliers *et al*, bl 1109 – 1110.

gedra het. Wat die las van die applikant betref, gaan dit dus oor die vraag of bewys is dat die gemelde bevele oortree is.

12]. In die lig daarvan dat die applikant finale regshulp versoek, sal daar, waar dispute op die feite bestaan, die benadering gevolg word "*om die feite wat gemene saak is te neem en waar daar werklike dispuut op die feite bestaan die weergawe van die respondent, vir doeleindes van die uitspraak, te aanvaar*"[3]. Die uitsondering op hierdie reël sal natuurlik wees waar beweringe van die respondente sodanig vergesog of onhoudbaar is dat dit bloot op die stukke verwerp kan word[4].

13]. Op 8 Desember 2011 is 'n reklamebord van PSG Konsult opgerig reg voor die woning van die respondente in Postmasburg. Dit is ook die perseel vanwaar die applikant se besigheid deur die respondente bedryf is, toe hulle nog in diens van die applikant was. Dit is gemenesaak dat PSG Konsult 'n instansie is wat onder andere makelaarsdienste lewer met betrekking tot korttermynversekering, net soos wat die applikant doen.

14]. Die applikant se prokureur het toe nog op dieselfde dag in 'n skrywe aangedring dat die reklamebord verwyder word. Daar is onder meer soos volg aan die respondente berig:

"*Dit het nou onder ons aandag gekom dat u voortgegaan het met die oprig van 'n PSG Konsult besigheidsbord by u woning/ kantore te Langebaanweg 3, Postmasburg, welke die indruk skep dat u weer soos voorheen en wel onder 'n ander naam, van u woning besigheid dryf, alternatiewelik dat u in diens is van 'n besigheid soortgelyk aan dié van ons kliënt/applikant. U optrede is direk in stryd met die hofbevel.*

*Ons het derhalwe geen ander keuse as om u hiermee aan te sê om*

---

3 1990 (2) SA 440 (NKA) op 443G

4 **Plascon-Evans Paints v Van Riebeeck Paints** 1984 (3) SA 623 (AD) op 635C

*hierdie bord .... te verwyder nie, by gebreke waarvan ons onverwyld sal voortgaan om die Hof te nader vir 'n bevel van minagting teen u ...*".

15]. In reaksie hierop het die respondente se prokureur op 9 Desember 2011 die volgende houding ingeneem:

"*Ons bevestig dat die Hofbevel ons kliënte geensins verbied om hul eiendom te verhuur.*

*....*

*Ons bevestig dat enige poging tot enige verdere aansoek hewig bestry sal word ...*".

16]. Die applikante se prokureur het in reaksie hierop 'n afskrif van die beweerde huurooreenkoms versoek. In 'n verdere skrywe van die respondente se prokureur, steeds op 9 Desember 2011, is insae in enige sodanige ooreenkoms geweier en is die houding ingeneem dat dit "i*s 'n private aangeleentheid en het absoluut niks met u kliënt te doen*". Ek handel hieronder weer met hierdie skrywe.

17]. Die applikant se prokureur het toe egter met PSG Konsult se regsadviseur gekontak en op dieselfde dag (steeds 9 Desember 2011) het die respondente die betrokke bord in opdrag van PSG Konsult bedek. Dit is blykbaar later verwyder.

18]. Reeds in die funderende eedsverklaring vir die applikant in die hoofaansoek het mnr Ferreira beweer dat daar "*waarskynlik een of ander kontraktuele band tussen PSG Konsult en die respondente bestaan*" het. Mnr Ferreira het in hierdie verband ondermeer verwys na 'n e-pos wat op 24 November 2011 van PSG Konsult ontvang is. Die respondente se enigste reaksie op hierdie bewering was om te ontken dat daar "*op daardie stadium*" (dit wil sê teen 24

November 2011) enige ooreenkoms tussen hulle en PSG Konsult bestaan het. Die respondente se antwoordende eedsverklarings in die hoofaansoek is op 10 Januarie 2012 afgelê. Wat hulle duidelik op daardie stadium verkies het om nie te openbaar nie, is dat daar wel vanaf 1 Desember 2011 tussen hulle en PSG Konsult 'n verhouding bestaan het. Hiermee het hulle eers vorendag gekom in hulle antwoordende stukke in die onderhawige aansoek, maar selfs toe het die respondente verkies om glad nie enige besonderhede te verstrek van wat daardie ooreenkoms sou wees nie. Dit is bloot op daardie stadium deur hulle gestel dat die reklamebord opgerig is uit hoofde van die betrokke ooreenkoms. Hulle het nie eers gepoog om, selfs in antwoord op die bewering in die onderhawige aansoek, te verduidelik hoe die betrokke ooreenkoms sou inpas by die inhoud van die hofbevel van 7 Desember 2011 nie, of selfs by die huurooreenkoms wat in die eerste skrywe van hulle prokureur op 9 Desember 2011 voorgehou is nie.

19]. Eers op die dag van die aanhoor van die onderhawige aansoek het die respondente die verhouding tussen hulle en PSG Konsult verder probeer toelig, toe hulle met verlof van die Hof, en nieteenstaande beswaar namens die applikant, 'n eedsverklaring van me M D Adam ingedien het. Sy het ondermeer verklaar dat sy die enigste lid is van PSG Diamantveld BK en dat sy op 7 Desember 2011 met die respondente 'n ooreenkoms bereik het dat hulle voortaan versekeringsdienste op 'n kommissiebasis sou bedryf vir PSG Diamantveld.

20]. Van besondere belang in me Adams se verklaring is die volgende:

20.1] Die respondente het teenoor haar te kenne gegee dat hulle weens die interdik nie meer "*vanaf Postmasburg*" versekeringsdienste kon verskaf nie. Soos hieronder ook sal blyk, beweer hulle nou dat hulle die hofbevel anders verstaan het.

20.2] PSG Diamantveld het slegs te Kimberley 'n kantoor. Me Adam se verklaring sou dus nie 'n verduideliking kon bied vir die oprigting van die reklamebord op 8 Desember 2011 nie. Dit blyk nie eers of daar enige verwantskap bestaan tussen PSG Konsult en PSG Diamantveld nie.

20.3] Die ooreenkoms waarvan me Adam praat sou ook in elk geval nie die een kon wees in terme waarvan die reklamebord opgerig is nie, want die ooreenkoms waarna sy verwys is eers op 7 Desember 2011 bereik, en die reklamebord is volgens die respondente opgerig uit hoofde van 'n ooreenkoms wat al vanaf 1 Desember 2011 gegeld het. Sy verwys wel na inligting wat sy ontvang het tot die effek dat PSG Konsult op 'n stadium 'n kantoor te Postmasburg wou open, maar interessant genoeg daarvan afgesien het weens die "*interdik*", maar hierdie is hoorsê-getuienis en daar is geen basis gelê vir die toelating daarvan nie.

21]. Afgesien van dit wat die respondente soos voormeld uitdruklik aan me Adam te kenne gegee het met betrekking tot die effek van die interdik, is dit ook uit die res van me Adams se verklaring duidelik dat sy deur die respondente onder die indruk gebring is dat die respondente hoegenaamd nie te Postmasburg versekeringsdienste sou kon verrig nie. So verklaar sy byvoorbeeld dat die tweede respondent (nieteenstaande hulle ooreenkoms) tans nie werk nie, omdat sy te Postmasburg moet bly waar haar minderjarige kind is. Me Adam verklaar verder dat die eerste respondent vanaf Januarie 2012, met die opening van PSG Diamantveld se kantoor vir die nuwe jaar, "*tussen twee tot drie dae per week vanuit my kantoor te Kimberley werksaam is en die ander dae op die pad spandeer ten einde kliënte te besoek*".

22]. Die eerste respondent het egter nie slegs uit Kimberley gewerk het

nie, want hy het ondermeer met mnr Pretorius 'n ontmoeting oor versekering gereël wat veronderstel was om te Postmasburg plaas te vind.

23]. Dit is nou die respondente se saak, soos gestel in hulle antwoordende eedsverklarings, dat hulle die hofbevel van 7 Desember 2011 verstaan het om te beteken dat hulle wel vanaf Postmasburg versekeringsdienste kan lewer aan kliënte wat woonagtig is buite die radius van 100 km vanaf Postmasburg.

23.1] Dit is, in die eerste plek, duidelik nie wat hulle aan me Adam oorgedra het nie.

23.2] Die argument in hierdie verband is blykbaar, en dit is ook hoe ek mnr Olivier (die advokaat vir die respondente) verstaan het, dat dienste gelewer aan 'n kliënt wat buite die 100 km radius woon, in effek geag moet word gelewer te wees buit die betrokke radius. Dit rym nie met die respondente se erkenning, in paragraaf 57.2 van die eerste respondent se antwoordende eedsverklaring in die hoofaansoek, van die bewering dat hulle met bemiddeling van PSG Konsult "*binne Postmasburg*" sulke dienste lewer nie.

23.3] In die eerste respondent se antwoordende eedsverklaring in die hoofaansoek[5] het die respondente ontken dat hulle in kompetisie met die applikant handeldryf. Hulle saak is egter nou skynbaar dat hulle wel so doen, maar net dan volgens hulle beweerde vertolking nie binne die radius van 100 km vanaf Postmasburg nie.

24]. Die respondente voer verder nou aan dat hulle die hofbevel verstaan het om te beteken dat, alhoewel hulle nie 'n "*amptelike kantoor*" vanaf hulle woning in Postmasburg kan bedryf nie, hulle

5 Paragraaf 83

wel vandaar korrespondensie sou kon stuur aan kliënte buite die 100 km radius, "*sowel as aan PSG Konsult*".

25]. Die respondente beweer dat hulle aldus geadviseer is deur hulle prokureur, wat dit in 'n stawende eedsverklaring bevestig. Dit is egter nie openbaar wanneer dié advies gegee sou gewees het nie. Dit mag gegee gewees het toe hierdie aansoek geloods is, en dus eers nadat die optrede plaasgevind het wat gelei het tot hierdie aansoek. In sodanige geval sou die betrokke advies natuurlik nie kon dien as 'n verduideliking vir die optrede nie.

"*Katzeff, as indicated above, relies upon a defence of 'legal advice' to disprove 'wilfulness' on his part. This defence requires a proper setting out of the circumstances under which the advice was given. It is incumbent upon a party relying upon such defence to '... testify in regard to all the circumstances relevant to the giving of such advice' ... In motion proceedings this means that all the relevant circumstances have to be set out on affidavit.*"[6]

26]. Soos verder reeds hierbo geblyk het, en ook hierinverder na verwys sal word, wil dit in elk geval voorkom asof die respondente nie met hulle prokureur oop kaarte gespeel het met betrekking tot die verhouding tussen hulle en PSG nie, en sou die advies teen hierdie agtergrond gesien moes word.

27]. Afgesien hiervan sou sodanige advies na my oordeel duidelik verkeerd gewees het. Veral paragrawe 1.2 en 1.3 van die hofbevel het die respondente duidelik verbied om binne die 100 km radius "*te werk*" op die wyse soos beskryf in daardie bevele. Sekerlik sou die verskaffing te Postmasburg van advies rondom korttermynversekering, hetsy mondelings of in die vorm van 'n kwotasie of korrespondensie, neerkom op die verrigting van sodanige werk te Postmasburg, ongeag van waar die geadresseerde hom mag bevind.

6 **HEG Consulting Enterprises (Pty) Ltd v Siegwart** 2000 (1) SA 507 (CPD) op 522B

28]. Net soos in die geval van me Adam, wat verklaar dat PSG Diamantveld slegs te Kimberley 'n kantoor het, maar kliënte het oor die hele land, net so is dit duidelik dat die applikant kliënte het buite die radius van 100 km vanaf sy kantoor te Postmasburg. 'n Vertolking soos dié voorgehou deur die respondente sou meebring dat die hofbevel nie die applikant in die geval van sulke kliënte kan beskerm nie.

29]. Wat betref die bewering dat die hofbevel bloot die bedryf van 'n "*amptelike kantoor*" vanaf die respondente se woning sou belet, is dit van belang dat daar nêrens in die betrokke bevel woorde tot hierdie effek voorkom nie.

30]. Voorts is dit van belang dat daar steeds tans aan die voorkant van die respondente se woning kennisgewings pryk waarop aangedui word waar die ingang is na die "*KANTOOR*" en wat die kantoorure is.

31]. Dan is daar ook die feit dat daar teen 25 Januarie 2012 nog altyd in die woning 'n sertifikaat teen 'n muur vertoon is dat PSG Konsult gesertifiseer is as 'n finansiële diensteverskaffer. Dit is die respondente se saak dat dié sertifikaat ná 1 Desember 2011 ontvang is (volgens hulle uit hoofde van die beweerde ooreenkoms met PSG Konsult, waarna in hulle antwoordende verklarings hierin verwys is) en dat bloot vergeet is om die sertifikaat af te haal toe die kennisgewingbord bedek en later verwyder is.

32]. Die feit is egter dat dit daar was om deur mnr Grobler waargeneem te word toe die tweede respondent hom van 'n kwotasie voorsien het op 25 Januarie 2012 (ek keer weer hierna terug). Dit was ook al ruim meer as 'n maand nadat die applikant juis inligting versoek het oor die verhouding tussen hulle en PSG Konsult. Dat beide van hulle onder hierdie omstandighede sou vergeet het van die sertifikaat teen die muur klink vir my totaal vergesog.

33]. Die naam PSG Konsult pruik ook op die makelaaraanstellingsvorms gedateer 21 en 29 Januarie 2012. Op die een vorm word naam van die agent van PSG Konsult aangedui as "*André Stolk*" (die naam van die eerste respondent), en op die ander as "*A Stolk*" (wat na die eerste of tweede respondent kan verwys). Op beide vorms verskyn 'n e-posadres van die tweede respondent, met haar naam gevolg deur *"@psgkonsult.co.za*".

34]. Dit is duidelik dat hierdie vorms deur die respondente voorsien is aan die betrokke kliënte, en nog op daardie datums was die respondente duidelik tevrede dat hulle handel as agente van PSG Konsult.

35]. Dit is so dat die makelaarskode op die een vorm volgens me Adam dié van PSG Diamantveld is, maar die feit is dat die respondente aanstellings geneem het in 'n oënskynlike verbintenis met, en as agente van, PSG (hetsy Konsult of Diamantveld).

36]. Dit is duidelik dat daar, in die eerste skrywe van die respondent se prokureur op 9 Desember 2011, nie die volle en korrekte besonderhede van die verhouding tussen die respondente en PSG Konsult geopenbaar is nie. 'n Mens weet nie wat die respondente alles aan hulle prokureur openbaar het nie.

37]. Selfs op die suggestie van 'n huurooreenkoms is daar later dieselfde dag, in 'n verdere skrywe van die respondente se prokureur, van weergawe verander, want toe is die moontlikheid oopgelaat dat die respondente moontlik ook nie eers met PSG Konsult 'n huurooreenkoms mag gehad het nie.

38]. In dieselfde skrywe is dit ook gestel dat die applikant se prokureur in kennis gestel sou word "*wanneer PSG Konsult van voornemens is, indien enigsins, om besigheidsbedrywighede vanaf Langebaanweg 3, Postmasburg te bedryf*". Dit is moeilik te rym met wat me Adam

verklaar. Volgens haar het die respondente al op 7 Desember 2011 (en dus voordat die betrokke skrywe deur hulle prokureur gerig is) vir haar gesê dat hulle nie in Postmasburg sake kon doen nie, sou PSG Diamantveld nooit daar 'n kantoor gehad het nie en sou, vir soverre die eerste respondent werk vir PSG Diamantveld sou doen, dit gedoen word vanaf die kantoor te Kimberley (en origens terwyl hy reis). Die respondente en me Adam sou al op 7 Desember 2011 'n diensooreenkoms bereik het en dus kon daar teen 9 Desember 2011, toe dié skrywe gerig is, nie meer sprake bestaan het van 'n moontlikheid dat PSG Konsult in hulle huis te Postmasburg sake sou gaan doen nie.

39]. Die respondente se gebrek aan openhartigheid blyk ook elders in die stukke.

40]. Dit is gemenesaak dat mnr Grobler op 25 Januarie 2012 by die woning van die respondente van 'n kwotasie vir versekering voorsien is deur die tweede respondent. Volgens mnr Grobler het dit gebeur nadat hy die eerste respondent om 'n kwotasie versoek het en dié hom toe na die tweede respondent verwys het.

41]. Die eerste respondent verskaf hieroor in sy antwoordende verklaring in die onderhawige aansoek die volgende vreemde verduideliking. Volgens hom het hy vermoed dat dit 'n lokval was en het hy toe vir Grobler gesê dat die tweede respondent hom sou skakel. Hy gaan dan egter voort en beweer dat hy toe self die tweede respondent gekontak het, haar van sy vrese ingelig het en haar toe versoek het om "*nie vir meneer Grobler te kontak of hom te help nie*".

42]. Dit is onduidelik hoekom dit, op die eerste respondent se weergawe, dan vir hom nodig sou gewees het om die tweede respondent te versoek om nie vir Grobler te skakel nie. Hy kon bloot, indien hy gemeen het dit was 'n lokval, nie, soos hy belowe het, die tweede respondent versoek het om Grobler te skakel nie.

43]. Volgens die eerste respondent het Grobler toe uit sy eie die middag by hulle woning opgedaag en het hy wat die eerste respondent is, vir Grobler die deur oopgemaak. Hoekom sou hy vir Grobler ingelaat het onder omstandighede waar hy vermoed het dat Grobler deel was van 'n lokval en indien, selfs op sy eie vertolking van die hofbevel, die respondente Grobler in elk geval nie behulpsaam sou kon wees daar by hulle woning nie?

44]. Volgens die eerste respondent het hy toe bloot die vertrek verlaat en Grobler by die tweede respondent gelaat. Hoekom het hy dit gedoen? Hy kon mos maar gebly het en dan self Grobler se versoek om 'n kwotasie geweier het en vir hom verduidelik het wat die effek van die hofbevel was. Inteendeel, hy kon dit al vroeër gedoen het, toe Grobler hom genader het in verband met 'n kwotasie.

45]. Volgens die tweede respondent sou sy toe ingewillig het om aan Grobler 'n kwotasie te gee, maar ook aan hom verduidelik het dat sy nie 'n polis aan hom kon verkoop nie. Hoekom sou sy ingewillig het om enigsins 'n kwotasie te gee, as sy wel soos beweer deur die eerste respondent gewaarsku is en versoek is om Grobler nie met 'n kwotasie te help nie? Volgens haar het sy bloot die kwotasie verskaf om Grobler behulpsaam te wees, en nadat hy teenoor haar aangedui het dat hy sy voertuig voortaan self wou verseker en wou kyk of hy dit kon bekostig. So 'n rede vir 'n versoek om 'n kwotasie sou tog niks buitengewoon wees nie en ek kan geen basis sien waarop dit 'n regverdiging sou gebied het daarvoor om, in weerwil van die hofbevel en die beweerde waarskuwing, tog vir Grobler behulpsaam te wees nie. Die tweede respondent se optrede is baie eerder versoenbaar daarmee dat sy glad nie, soos beweer, deur eerste respondent gewaarsku is nie en dat sy, net soos wat enige versekeringsmakelaar sou doen, besluit het om aan Grobler 'n kwotasie te voorsien. Die respondente se weergawe rondom die beweerde waarskuwing, is na my mening sodanig onwaarskynlik dat dit op die stukke verwerp kan word.

46]. Die eerste respondent se weergawe hieroor is ook weerspreek in 'n skrywe wat hulle prokureur op 31 Januarie 2012 aan die applikant se prokureur gerig het. Daarvolgens sou die eerste respondent, toe Grobler hom genader het, vir Grobler "*meegedeel het dat hul nie hom van diens kan wees nie*". Dit is nie wat die eerste respondent in sy verklaring sê nie en dit rym nie met sy bewering dat hy, inteendeel, vir Grobler gesê het dat die tweede respondent hom sou skakel in verband met die kwotasie wat hy verlang het nie.

47]. Grobler ontken dan ook, in 'n verdere eedsverklaring, dat die tweede respondent ooit vir hom gesê het dat sy nie aan hom 'n polis kon verkoop nie.

48]. Ek is, in die lig van die voorgaande, tevrede om op die stukke Grobler se weergawe te aanvaar en dié van die respondente te verwerp vir soverre dit daarmee strydig is, op die basis dat dit inherent strydig en totaal onwaarskynlik is.

49]. Mnr Olivier het daarop gewys dat die respondente nie gepoog het om Grobler se navraag op te volg nie. Dit sou egter nie afbreuk doen aan hulle optrede op 25 Januarie 2012 nie. Dit sou ook werklik onnosel moes gewees het om dit te doen nadat hulle prokureur op 30 Januarie 2012 juis hiermee gekonfronteer is.

50]. Dit is insiggewend dat die tweede respondent dié Santam kwotasie daar in Postmasburg verskaf het, nogal met kode 9245 wat volgens me Adam PSG Diamantveld se Santamkode is, terwyl me Adam onder die indruk sou verkeer het dat die tweede respondent nie te Postmasburg gewerk het (of kon werk) nie.

51]. Wat betref die makelaarsaanstelling van 21 Januarie 2012, waarmee mnr Maritz, toe 'n kliënt van die applikant, sy verhouding met die applikant beëindig het en die eerste respondent, in sy hoedanigheid as agent van PSG Konsult, as makelaar aangestel het, blyk dit ook

asof die respondente moontlik nie hulle prokureur ten volle in hulle vertroue geneem het nie. Toe die applikant se prokureur in 'n skrywe verwys het na 'n makelaarsaanstelling wat op 21 Januarie 2012 aan die eerste respondent gegee is deur 'n voormalige kliënt van die applikant, het die respondente se prokureur dit bevraagteken dat so 'n aanstelling op 'n Saterdag gegee sou gewees het.

52]. Dit word egter nou erken dat dit wel gebeur het, op 21 Januarie 2012, maar daar word opgewerp dat mnr Martiz buite die 100 km radius woonagtig is en dat hy die eerste respondent gekontak het. Daar word gesteun op 'n eedsverklaring van Maritz.

53]. Maritz bevestig dat hy die eerste respondent gekontak het. Dit is duidelik vir doeleindes van die hofbevel nie tersaaklik wie vir wie gekontak het nie.

54]. Alhoewel Maritz dit nie in soveel woorde sê nie, sal ek aanvaar dat hy van sy plaas, wat buite die 100 km radius geleë is, die eerste respondent geskakel het. Ook dit is nie deurslaggewend nie. Indien die eerste respondent toe, waar hy in Postmasburg was, aan Maritz advies gelewer het, of met hom 'n ontmoeting gereël het vir die lewering van sulke advies, sou hy besig gewees het om aldaar die "*werk*" te doen wat hy nie binne die betrokke radius kon doen weens die hofbevel nie.

55]. Maritz verklaar ook nie waar die daaropvolgende ontmoeting tussen hom en die eerste respondent plaasgevind het nie. Moontlik moet aanvaar word dat dit tog op Maritz se plaas gebeur het, want hy verklaar vroeër dat hy die eerste respondent geskakel het om hom "*te kom spreek*". Indien hierdie ontmoeting gereël is met die eerste respondent terwyl hyself op daardie stadium in Postmasburg was, en Maritz hom daar gekontak het in sy hoedanigheid as 'n versekeringsmakelaar, sou die eerste respondent steeds besig gewees het om hierdeur vanaf Postmasburg sodanige werk te doen.

56]. Dieselfde geld wat betref die makelaarsaanstelling van 'n ander voormalige kliënt van die applikant, mnr Visser. Die feit dat Visser die eerste respondent gekontak het en dat die eerste respondent daarna vir Visser besoek het buite die 100 km radius, sou nie beteken dat die eerste respondent nie in die proses vanaf Postmasburg gewerk het as versekeringsmakelaar nie. Nie Maritz of Visser verklaar dat hulle nie die eerste respondent te Postmasburg gekontak het nie, en dit word ook nie deur die eerste respondent self ontken nie.

57]. Volgens die eerste respondent konsulteer hy nooit kliënte by sy woning nie, maar altyd by hulle werksplekke of wonings. Sou die eerste respondent se argument korrek wees, sou dit aanvaar moes word dat hy dus van geen kantoor af werk nie. Dit is, wanneer die kennisgewings by sy woning in ag geneem word, en ook die besoek van Grobler aan die betrokke woning, duidelik nie korrek nie. Die eerste respondent se stelling dat hy en die tweede respondent nie 'n kantoor (skynbaar amptelik of nie-amptelik) vanaf hulle woning bedryf nie, is ook moeilik te versoen daarmee dat die tweede respondent of 25 Januarie 2012 presies daar 'n gedrukte kwotasie aan Grobler voorsien het.

58]. Ek is in die omstandighede tevrede dat daar op 'n oorwig van waarskynlikhede aangetoon is dat die respondente die hofbevel van 7 Desember 2011 oortree het. Wanneer gelet word op die teenstrydighede en onwaarskynlikhede waarna ek reeds verwys het, is ek voorts van oordeel dat hulle nie die onvermydelike afleiding van *mala fides* weerlê het nie. Ek bevind dus dat die respondente hulle aan minagting van die hofbevel van 7 Desember 2011 skuldig gemaak het.

59]. Wat 'n sanksie betref, meen ek dat, alhoewel die beregting van die hoofaansoek nie meer ver in die toekoms is nie, die afdwing van die betrokke hofbevel steeds 'n oogmerk behoort te wees.

60]. Na my oordeel sal die oplegging van 'n boete nie van pas wees in omstandighede waar die verbreking van die hofbevel juis geskied vir finansiële gewin nie.

61]. Ek is egter ook nie bereid om, soos wat in hoof in die kennisgewing van mosie versoek is, die respondente sondermeer na die gevangenis te stuur nie, ondermeer weens die feit dat hulle 'n minderjarige kind het wat daaronder sal ly.

62]. Die applikant het egter in die alternatief versoek dat gevangenisstraf opgeskort word vir een jaar op voorwaarde dat die respondente binne 3 dae na datum van hierdie bevel die bevel van 7 Desember 2011 nakom. Die rede vir die drie dae grasie is nie duidelik nie. Ek meen ook nie dat ek die werking van die hofbevel van 7 Desember 2011 as't ware op hierdie wyse kan opskort vir 'n periode van 3 dae nie. Dit sou in effek aan die respondente die reg gee om, vir die betrokke periode van 3 dae, die destydse bevel blatant te verontagsaam.

63]. Daar is geen rede waarom koste nie hierdie uitslag sal volg nie. Ek sien ook geen rede waarom dit nie bestraffende koste sal wees in die omstandighede nie. Die respondente het hulle opsetlik en *mala fide* skuldig gemaak aan die verbreking van die hofbevel en toe met gekunstelde argumente aan die gevolge daarvan probeer ontsnap. Dit tas nie alleen die integriteit van die Hof se bevele aan nie, maar raak ook die applikant op 'n finansieel nadelige wyse.

64]. Ek maak dus die volgende bevele hierin:

1. Die eerste en tweede respondente word vir gevangesetting verwys vir 'n tydperk van 30 dae, welke bevel opgeskort word vir 'n tydperk van 1 jaar op voorwaarde dat die eerste en tweede respondente die bevel verleen op 7 Desember 2011 nakom vir solank dit geld.

2. Verlof word aan die applikant verleen om, indien enige van die respondente sou versuim om aan die voormelde bevel te voldoen en die opskortingsvoorwaarde sou verbreek, hierdie Hof te nader om 'n bevel waarkragtens die betrokke respondent/e vir gevangesetting verwys word, op dieselfde stukke aangevul soos en indien nodig.

3. Die eerste en tweede respondente word gelas om die koste van hierdie aansoek te betaal, op die skaal van prokureur en kliënt, gesamentlik en afsonderlik, die een betaal die ander *pro tanto* kwytgeskeld te word.

______________________

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Applikant:** | **Adv D van Tonder** |
| **In opdrag van:** | **Duncan & Rothman, Kimberley** |
| | |
| **Nms Respondente:** | **Adv D Olivier** |
| **In opdrag van:** | **Engelsman Magabane Ing, Kimberley** |